21 Julie 2019 — Koninkrykstyd

Welkom by vandag se erediens!

Vandag se program	
Predikant	**Ds. Francois Human**
Orrelis	**Annarene Fourie**
Dienswerkers	**André Malan & Rudolf Jansen v Vuuren**
09:30	**Erediens**
10:45	**Kategese**
19:00	**Aanddiens: Moederkerk**

Welkom terug!

Deuroffer:

BM Bybel-Media
www.bybelmedia.org.za

Winter-ete

Ons Senior Lidmate kan solank uitsien na 'n volgende heerlike geselligheid op Dinsdag 13 Augustus om 12:00 in die Onthaalsentrum. Uitnodigings daarvoor sal eersdaags geskied. Indien u teen Donderdag 8 Augustus nog nie 'n uitnodiging ontvang het nie, laat weet asb die kerkkantoor by 021 873 2763.

Almanak '20

Ek is tans besig met die opstel van volgende jaar se almanak. Indien u my graag op iets wil attent maak, of iets byvoeg skakel asb die kerkkantoor by 021 873 2763.

Belangrike Datums

21 Julie - Vadersdag

4 Augustus – Muntlegging
POEDING VERKOPE NA KERK OP DIE STOEP

4 Aug – 8 Sept – 40 Dae

7 September- Basaar

15 September - Sangdiens

Woordskool

Elke tweede Dinsdagaand om 18:30 of Woensdagoggend om 09:30 kuier ons saam rondom die Bybel. Soms reis ons deur 'n aantal tema's, ander kere werk ons deur 'n bepaalde Bybelboek of ons doen 'n 40-dae reis. Enige persoon wat wil groei in hul geloof, hier is jou kans. Ons dink saam, vra vrae en soek ook saam na antwoorde. Ons volgende geleenthede vir 2019 is Dinsdag, 23 Julie om 18:30 en/of Woensdagoggend 24 Julie om 09:30 in die konsistorie. Kies gerus of die aand of oggend vir jou die beste sal pas.

Prediking: 14 Julie

Reis……. Stil staan, Vorentoe of agtertoe. - Deut.1: 19;27

'n Span mense was op reis. Die Here gee opdrag – julle moet wegtrek en koers vat. Waar is jy op jou reis vanoggend / in die lewe? Wat gebeur tans in jou lewe? Wat lê vir ons voor / wat jou drome aanbetref? Waarheen is jy oppad? Hulle het ook bekommernisse gehad. Mense soos ek en jy moes op die woord van die Here gaan – Hy het 'n ander doel met hulle. Wat was hulle vervoermiddel? Hulle moes met als wat hulle gehad het trek.

Ons het vandag nie meer tyd nie – als moet vinniger. Hulle het tyd gemaak om God se wonderwerke waar te neem. Om koers te hou is om naby aan God se lippe te wees. Ek wil graag hoor hoe ek my besigheid moet bedryf ens. Op reis van die Egiptenare dink die Here dit goed om mense en plekke oor hul pad te bring. Om koers te hou het ons mense nodig wat ons help. Mense speel 'n groot rol in ons lewe.

Hierdie pad is nie altyd maklik nie. Ons weet nie wat die pad is wat die Here met ons wil stap nie. Die Here stuur dan mense oor jou pad wat jou sal help. Mense se paaie verskil. Wat sê mens vir mekaar? Die Here gee vir jou die lewe in oorvloed. Die Here gee vir jou tien tiendes en Hy wil net een tiende daarvan hê. Hy seën jou in oorvloed. Geniet dit – maar moenie vergeet waar dit alles vandaan kom nie. Die Here verseker ons dat in dit alles sal Hy elke dag met ons wees, en ons nooit alleen laat nie.

Gebedsgids

21-27 Julie 2019

Litaue: Bid steeds vir die vertaling van die Nuwe Testament in moderne Litaus. Dank die Here vir die groot sukses van die Lewende prentefotografiekompetisie wat ons tieners gehelp het om meer van die Bybel te leer en om hul geloof op 'n kreatiewe manier te deel.

Belarus: Dank die Here vir die verwydering van die hindernis wat die verspreiding van sy Woord in Belarus belemmer het. Bid dat die Bybelgedeeltes wat deur die Versprei saamprojek versprei word, die harte van diegene in nood sal aanraak en dat dit vir die res van die jaar sal voortduur.

Finansies

Belangrike inligting vir almal in ons gemeente

Hier waar ons aan die begin van die derde kwartaal staan is ek werklik bekommerd oor Wellington-Noord se finansies.

Die April Insameling, wat 'n spesiale na-oes insameling in ons distrik is en aan die einde van Mei reflekteer, het 'n inkomste van R 67 400 opgelewer (R 92 600) onder begroting.
Die Dankfees in Junie is R 22 914 onder begroting. Die Pietman funksie is R 12000 onder begroting. Ek het reeds R 100 000 vanaf ons belegging oorgeplaas om basiese kostes te dek, en staan ons nou al op 'n totale verlies – jaar (begin Maart) tot datum van R 208 297. Die maandelikse Dankoffers staan op 26% ipv 33% inkomste.

Ons kan nie heeltyd agteruit boer en aanmekaar van ons belegging gebruik nie, aangesien dit ook nie vér van uitputting is nie.

Op die huidige oomblik sal ons ons uitgawes heeltemaal so vér as moontlik moet besnoei aangesien ons inkomste dit nie moontlik maak vir enige ekstra uitgawes as die nodige nie.

Ons sal daadwerklik hard moet werk aan ons volgende groot insamelingsveldtogte om die nodige inkomste te kan genereer nl. Basaar, Gholfdag, asook wit koevert insameling.

Gedurende vakansietye is die kerk geweldig leeg wat geringe inkomste genereer. Daarom dat ons die belangrikheid van die gee van maandelikse Dankoffers per debietorder aanmoedig, aangesien dit 'n versekerde maandelikse inkomste genereer, veral in die lig dat baie min mense vakansietye kerk toe kom. Indien u graag u Dankoffer per debietorder wil gee is daar vorms daarvoor op die tafel in die voorportaal. U moet die ingevulde vorm asb net weer by die kerkkantoor inhandig.

Ons het weggedoen met die maandelikse kollekteerstelsel na een dat jy self jou offers na die kerk toe bring. Dit beteken ook dat diegene wat nooit in die kerk kom nie se offers tuis bly – dié dat baie maandelikse offers so verlore gaan.

In dieselfde asem is ons egter ook Baie Dankbaar vir die gee van gereelde offers deur ons lidmate. (Ek probeer maar net vir die gemeente inlig oor die donker prentjie wat ons tans in die gesig staar).

re#imagine Matriekfees! NOORDHOEK

Aan die einde van elke jaar kom matrieks van regoor die land bymekaar vir ‘n week van son en see, kuier, ontspan, vriende maak en sommer net “chill” naby die natuur en naby God. Moenie hierdie ongelooflike ervaring misloop nie!

Die Matriekfees word aangebied in samewerking met #imagine se nasionale bestuur en die Jeugkantoor van Communitas. Die koste vir die kamp is R1800 wat alles insluit behalwe vervoer. Om in te skryf, volg enige van die opsies hieronder. Skryf in voor 30 Junie en betaal slegs R1500, voor 30 September slegs R1600 en voor 31 Oktober R1700!

Vir meer info en om die inskrywing digitaal te voltooi, sluit aan by ons Facebook groep by: https://www.facebook.com/groups/159706121357796/ Epos reimaginematriekfees@gmail.com of skakel Faani by 083 856 1951.

40 Dae!

Sleep sekularisasie jou mee?

40 Dae reeks vir Omgeegroepe oor “SEKULARISASIE” ‘n Wêreldse suigkrag wat ons meesleur om te doen wat die wêreld wil, eerder as om te doen wat God wil.

1.	Individualisme	Elke ou vir homself en die duiwel vir die res
2.	Materialisme	Hoe meer hoe beter...
3.	Commitment	Ek sal dit doen as ek tyd het...
4.	Geluk en Plesier	Geniet dit nou en betaal later..
5.	Verhoudinge	Ignoreer mense af wat nie saamstem nie...
6.	Afgode	Wat die Here wil is eintlik outyds...

40 Dae boekies is te koop teen R20 elk.

Afskop is 4 Augustus 2019
Afsluiting: 8 September 2019

Duffie Kellerman (21) – Riaan Nortje (21) – Mariska Pool (21) – Steward Scott (22) – Willem van Heerden (22) – Kobus de Jager (23) – Pierre Rossouw (23) – Willem Barnard (24) – Mynie de Goede (24) – Elizabeth Marais (24) – Frans van der Merwe (24) – Alta Basson (25) – Werner Botha (25) – Eddie Buxmann (25) – Wena Geldenhuys (25) – Bennie Koen (25) – DH van Niekerk (25) – Hansie Eyssen (26) – Annalene Smit (26) – Ronel van der Merwe (26) – Adriaan Venter (26) – Marinda Fourie (27) – Gerhard Maritz (27) – Diaan Walters (27)

Gedenkpilare

Ons is baie opgewonde oor die eerste fase se oprigting van 3 gedenkpilare in die kerk se tuin langs die konsistorie. Elke nis het plek vir twee kissies, en die koste daaraan verbonde is R2600. Indien u belangstel in die koop van ‘n nis kan u dit by die kerkkantoor bespreek en betaal. Wanneer dit nodig is om gravering op die granietsteen aan te bring sal die kerkkantoor vir u die nodige reëlings tref, maar u moet die kostes vir die gravering self vereffen, aangesien dit nie by die prys van die nis ingesluit is nie.